<u>KIES DIE LEWE SODAT JY EN JOU NAGESLAG KAN LEWE</u>

<u>13 Februarie 2011</u>

AGTERGROND

Die woorde van ons teks word uitgespreek net voordat die volk Israel die beloofde land binnetrek.
Die naam van hierdie Bybelboek, Deuteronomium, beteken letterlik die "tweede wet" of "'n tweede uitgawe van die wet." Dit veronderstel nie dat dit 'n nuwe of ander wet is nie, maar wel 'n wet wat reeds gegee is en nou herhaal word met sekere aanvullings en verduidelikings. Dit was nodig omdat die volk van Israel nou 'n nuwe geslag was wat in die woestyn groot geword het en nog nie gebore was nie of nog te jonk was toe die Wet aan Moses by Sinai gegee is. Die volwassenes wat dit gehoor het, was almal dood, met die uitsondering van Kaleb en Josua.
Moses was op die punt om die Israeliete te verlaat – sy dood was voor die deur en aan hom bekend (Num 27:12-14). Omdat hy 'n brandende begeerte gehad het dat dit met hulle goed sal gaan, het hy die laaste tydjie wat hy nog by hulle sou wees, gebruik om die Wet en voorskrifte van die Here by hulle in te skerp. <u>Gehoorsaamheid aan God sou van hulle 'n geseënde samelewing maak</u>.

DEUT 30:11-20; JOH 15:1-17

<u>1. GOD SE KEUSE</u>

Die lewe bestaan uit <u>keuses</u>.
Keuses het <u>gevolge</u>.
<u>God het reeds</u> vir israel gekies.
Hy het hulle <u>sy volk</u> gemaak.
Hy het 'n <u>verbond</u> met hulle gesluit (verbintenis)
dit was nie omdat hulle beter of sterker of ryker of slimmer as die ander volke was nie – <u>genade;</u>
in sy liefde en trou het hy hulle uit die Egiptiese slawerny <u>verlos</u> en veilig deur die Rooi See gelei.

Dit is seker nie moeilik om <u>ons eie verhaal</u> in Israel se storie te herken nie.
Die <u>doop</u> is 'n kragtige simbool om ons daaraan te herinner. Ons doop bevestig aan ons dat ons deel is van G<u>od se volk</u>. ons is ook ingesluit in sy <u>verbond</u> met Abraham.

God het ons ook uit liefde uit ons Egipte bevry toe ons slawe was van die sonde.
Die Nederlandse Geloofsbelydenis praat van Jesus se bloed as “ons Rooi See, waardeur ons moet trek om aan die slawerny van Farao, dit wil sê die duiwel, te ontkom, en om in die geestelike land Kanaan in te gaan.” (art 34)
Dit het die lewe van Sy Seun gekos – so lief het Hy ons (Joh 3:16).
Nie omdat ons so oulik, slim, fluks, ordentlik of hoe ookal is nie – genade (Ef 2:8 “julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ‘n gawe van God.”)
Die doopwater is ‘n teken van God se genade vir sondaars.

2. MENSE SE KEUSE

Tweedens: Moses stel dit baie duidelik aan die volk dat hulle op God se genade moet antwoord.
Daar is twee moontlike antwoorde: om gehoorsaam of ongehoorsaam te wees.
Daar is ‘n gevolg vir elke keuse, nl lewe of dood, voorspoed of teenspoed, seën of straf.

Dit geld eweneens vir ons. die genade wat God aan ons in Jesus Christus betoon het soos bevestig deur die doop, vra ook van ons as gedooptes ‘n antwoord.
Ons moenie dink dat omdat ons in die tyd na Christus lewe, ons nie hoef te kies nie; of dat ons keuses nie ook gevolge sal hê nie; dat ons tog gedoop is en nou maar kan doen wat ons wil nie – soos die persoon van wie ons in 29:19 lees wat sê: “ek is veilig al volg ek my eie harde kop”. dan volg die waarskuwing: “maar dit sal lei tot ellende en swaarkry.”
Keuses het gevolge. goeie keuses het goeie gevolge; slegte keuses het slegte gevolge.
Joh 3:18 “wie in Hom glo word nie veroordeel nie; wie nie glo nie is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.” (:36) “ wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom.”
Jesus plaas ons voor ‘n keuse en ons keuse bepaal of ons sal lewe of sterwe.

3. Sê EN DOEN

Derdens: hierdie keuse moet met ‘n mens se hele lewe bevestig word. Dit kan nie maar by woorde bly nie.
Moses sit duidelik uiteen wat die keuse vir die Here behels:

20”*Om die Here jou God lief te hê, Hom te gehoorsaam en Hom aan te hang, sal vir jou lewe gee en jou lank laat woon in die land wat die Here met ’n eed aan jou voorvaders Abraham, Isak en Jakob beloof het om aan hulle te gee.”*

Hier word genoem liefde, gehoorsaamheid en aanhang. (kamp: l.a.g!)
Liefde staan voorop. Dit is die bron van gehoorsaamheid. die gehoorsaamheid wat God wil hê, is nie slaafse gehoorsaamheid nie, maar gehoorsaamheid uit liefde.
en hoe liewer ons hom het, hoe belangriker sal dit vir ons wees om hom te gehoorsaam.
Die woord vir aanhang dui op ‘n baie innige verhouding. Dis om vas te klem aan, verkleef te wees met. Wanneer hulle vir God liefhet met hart en siel en met al hulle

krag soos wat in Deut 6:5 staan, is jy as't ware aan Hom vasgegom en sal ander dit agterkom.
Die keuse wat hulle maak, sal dus nie geheim kan bly nie. dit sal hul hele lewe beinvloed.
Hulle sal ook weer ander positief beinvloed.
Die regte keuse sal nie net lewe vir hulle beteken nie, maar ook vir hul nageslag.

Wanneer Moses oor die nakoming van die wet praat, praat hy eintlik oor die navolging van Jesus. (Joh 5:46)
Jesus verpersoonlik of beliggaam die wet.
Ons mense van vandag moet weet dat 'n keuse vir Jesus is 'n keuse vir die lewe. Hy is die weg, die waarheid en die lewe (Joh 14:6)
'n Keuse vir Jesus is ook 'n keuse om Hom te volg, om aan Hom gehoorsaam te wees.
"nie elkeen wat vir my sê: 'Here, Here' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is." (Matt 7:21)
"Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons Sy gebooie gehoorsaam." (1 joh 5:3)
Dit gaan dus vandag nog om liefde en gehoorsaamheid, gehoorsaamheid uit liefde, en om aanhang:
Jesus het die beeld van die wingerdstok gebruik en gesê: "Ek is die wingerdstok, julle die lote. wie in My bly en Ek in hom dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie." (Joh 15:5) om in Hom te bly is selfs meer as om aan Hom vasgegom te wees; dit is om in Hom ingeënt te wees (gom sal nie help!).

* so 'n lewe met Jesus in my en ek in Hom dra vrug, meer vrug en baie vrug (Joh 15)
* so 'n lewe verheerlik God: "my Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is." (Joh 15:8)
* so 'n lewe ken die ware blydskap: "dit sê Ek vir julle sodat My blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees." (Joh 15: 11) hierdie lewe is nie altyd maklik nie, maar "lagmense" is in voorspoed dankbaar en in teenspoed vertrouend. Daar is dae wat ons net kan glimlag, of lag met 'n traan.
* Sulke ouers stel 'n goeie voorbeeld vir die volgende geslag.
* So 'n kerk maak 'n positiewe impak op die omgewing en die gemeenskap.
* Ja, dan lewe ons en skep ook vir ander ruimte om te lewe.

4. DIE ANDER KEUSE

Die ander opsie vir Israel was om van die Here af weg te draai en Hom nie te gehoorsaam nie en hulle deur ander gode te laat verlei om hulle te eer en te dien (:18). dit sou rampsoedige gevolge vir hulle hê.
Rom 6:23 "die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here."
Om nie te kies nie, is ook 'n keuse vir die afgode.

Slot
Geliefdes, ons staan elke dag voor hierdie keuse: gaan jy op God se genade antwoord deur volgens Sy woord te lewe, of nie?
"KIES DIE LEWE SODAT JY EN JOU NAGESLAG KAN LEWE." (:19)

Amen 13/2/2011